

Sing vooraf staande: Psalm 103:6, 7 (p. 505)

- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewge mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Apostolicum en Skrifberyming 12-2:4, 5

- 4 Ek geloof, met stille aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe in eewge duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Wet

Psalm 79:5, 6 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.
- 6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee; / maar om u Naam die hoogste eer te gee;
en dat die vyand nooit met ons mag spot: / "Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"

Gebed

Psalm 32:1, 2 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 2 Toe ek voor U al worst'lende verstom het, / geen boetgebed my uit die hart gekom het,
het my gebeent', verskrik deur my geklag, / verswak en uitgeteer die ganse dag.
U hand het swaar gedruk op al my lede: / bedags geen rus, en snags geen stem van vrede;
my krag het weggedroog van uur tot uur / soos velde deur die somersonnevuur.

Skriflesing: Psalm 32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 51

Kernvers: Psalm 32:1-2

Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. (Psalm 32:1-2 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

Tema: 'n Roep om die geregtigheid van Christus

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die een boek in die Bybel wat verseker die meeste gelees word, is die boek Psalms. En dit is ook geen wonder nie, want die woorde wat hierin gebruik word en die dinge wat hierin beskryf word is so naby aan die werklikheid waarin ons lewe. Die woorde van die psalms spreek ons regtig in ons hart aan. Wie kan die dank en lof in sy hart onderdruk wanneer Psalm 100 en 150 gelees en gesing word? Of wie word nie deur die Heilige Gees tot vertrouwe beweeg met die woorde van Psalm 46 en 146 nie?

Maar ons hart en gees eggo nie net hierdie dank- en lofliedere nie. In hierdie selfde boek van die Psalms is daar ook liedere en gebede wat uitdrukking gee aan die swarmoedigheid as gevolg van sondes en skuld wat swaar op 'n mens druk – gebede wat spreek van droefheid omdat ons sondes die Heilige Gees bedroef en van vrees dat ons verhouding met God onherstelbaar skade gekry het deur ons misdade. Woorde soos hierdie:

Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë (Psalm 51:5-6 AFR53),

is net so deel van ons werklikheid. Hoe gereeld moet ons nie ook maar bid nie: Here, vergewe my. Moet asseblief nie u rug op my draai nie, alhoewel ek dit eintlik verdien.

Maar ons hou nie op lees wanneer ons by hierdie skuldbelydenisse kom nie. Ons hou aan lees, want daar is hoop. Ons sondes is inderdaad groot, maar die genade van die Here is baie groter. Dawid wat sy skuldige hart voor die Here uitstort, sê ook later in dieselfde psalm:

Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees.
(Psalm 51:12 AFR53)

Dit is eintlik verstommend hoe weinig ons gebede om skuldvergifnis verskil van die gebede van gelowiges soos Dawid. Ons gebede is nou net ryker, ons troos dieper en ons vreugde groter, want ons ken Jesus Christus en sy volmaakte werk. Ons Verlosser het die volle prys betaal sodat ons om vergifnis mag smeek. Ons identifiseer ook met Psalm 32 waarin die droefheid oor sondes en vreugde van vergifnis verwoord word.

Broers, susters en kinders, by sommige van die psalms weet ons wat het aanleiding gegee tot die skryf van daardie psalm, soos Psalm 51. Heel bo aan die psalm staan geskryf:

'n Psalm van Dawid, toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het. (Psalm 51:1-2 AFR53)

In daardie psalm is die duisternis nog oor Dawid toegetrek oor sy owerspel met Batseba en die moord op haar man wat hy aangehits het. Ons hoor die rou kreet van 'n sondaar:

Wees my genadig, o God. (Psalm 51:3 AFR53)

Alhoewel verskeie mense Psalm 32 ook met daardie tydperk en sonde in Dawid se lewe verbind, is daar in Psalm 32 geen aanduiding dat die omstandighede wel verband hou nie. Psalm 32 is eerder 'n terugkyk van Dawid oor sy lewe met sy baie sondes, want hy noem nie een spesifieke sonde nie. In ons selfvoldaanheid kan ons Psalm 51 lees en tot die gevolgtrekking kom: Ja, ons is sondaars, maar ons het darem nog nie moord of owerspel gepleeg nie. En so probeer ons onself van Psalm 51 distansieer. Met Psalm 32 druk die Heilige Gees ons neus in die psalm in en ons besef dat ons nie maar hier onself kan verontskuldig en sê ons het dit nog nooit gedoen nie.

In die eerste twee verse gebruik Dawid drie woorde om van sy misdade teen God te praat: **oortreding, sonde** en **ongeregtheid**. Niemand kan sê dat hy nog nooit teen God oortree het nie of 'n sonde teen Hom begaan het nie. Niemand kan sê dat hy nie ongeregtheid het nie – ons word daarmee ontvang en gebore. Hierdie drie woorde in die psalm is as't ware die inventaris van 'n sondaar se hart.

Met Psalm 32 wys die Heilige Gees ons daarop dat ons maar kan ophou om te dink dat sommige sondes groot is en ander klein. Owerspel en moord is mos in ons oë groot en ons bly weg daarvan. Die Here laat ons verstaan daar is nie so iets soos klein en groot sondes nie. Sonde is sonde en elke sonde verdien dieselfde oordeel – die dood – want elke sonde, oortreding en ongeregtheid is teen die allerhoogste majesteit van God.

Dit is soos wat ons bely: **Reken ons, arme sondaars, al ons misdade nie toe nie.** Met die woorde **al ons misdade** sê ons dat ons 'n oneindige hoeveelheid sondes teen die Here begaan. En in alle eerlikheid sal ons moet erken dat ons onself nie net met Psalm 32 kan vereenselwig nie maar ook met Psalm 51. Alhoewel ons nog nie betrap is op moord of owerspel nie, is ons gedagtes tog al vol daarvan. Ons is skuldige sondaars!

Ons weet dit is werklik so, want die pyn oor die sonde is so werklik. Hoor hoe sê Dawid dit:

Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag.
(Psalm 32:3 AFR53).

Van binne af vreet die skuld oor die sonde 'n mens letterlik op. Jou lewe en jou liggaam val uitmekaar.

Party sal sê: Ag, dit is sommer 'n digterlike verbeeldingsvlug van Dawid. Hy was net emosioneel toe hy dit geskryf het. Maar dink 'n bietjie hoe die Here die mens geskep het – liggaam en siel – as 'n eenheid. Die Bybel ken nie so iets soos twee afsonderlike bestanddele – liggaam en siel – wat waterdig van mekaar geskei is nie. Ons probeer die twee van mekaar skei, maar kry dit nie reg nie. Net God kan liggaam en siel van mekaar skei, want Hy het hulle tot 'n eenheid saamgevoeg. Ons weet mos hoe 'n klomp slegte dinge wat met 'n mens gebeur jou letterlik siek kan maak. Jy word siek van kommer en kan nie eers eet nie.

Dit is nie al ons sondeskuld wat ons in die grond in boor nie. Dit is daardie sondes wat ons nie voor die Here wil bely nie wat 'n mens so siek maak, want die skuld bly op 'n mens se skouers lê. Jy kan soveel doen as wat jy wil om 'n heel en lewendige verhouding met die

Here te hê, maar heelyd is daar iets wat jou keer om regtig naby aan die Here te kom en ware gemeenskap met Hom te hê. En nou moet ons hierdie siek word nie as 'n straf van die Here sien nie. Dit is eerder genade van die Here.

Want kyk wat skryf Dawid:

U hand was dag en nag swaar op my. (Psalm 32:4 AFR53)

Die Heilige Gees wys keer op keer op daardie sonde waarvan ons nog nie werk gemaak het nie. Nie om ons aan te kla nie, maar om ons te oortuig dat ons dit moet bely. Wanneer dit met 'n mens gebeur, sê ons gewoonlik ons gewete pla ons. Hoe heerlik is dit as 'n mens se gewete jou nog pla oor die sonde, want dan weet jy die Heilige Gees is aan die werk in jou. Die Here het nie sy Gees van jou af weggeneem nie.

Natuurlik kan ons ons sondes probeer wegsteek. Maar dit is dieselfde as om 'n muur wat klam is te wil bedek met muurpapier. Die nattigheid gaan mettertyd weer deurslaan. Ons sit met 'n aangebore ongeregtigheid wat knaend na buite beur. Selfs ons wat al so lank die Here ken en vir so baie jare bid, sit nog met hierdie aangebore ongeregtigheid soos die klein seuntjie wat vanoggend gedoop word.

Ons kan nie self hierdie ongeregtigheid uit ons wegneem nie. Maar God kan. Daarom leer Jesus ons bid: **reken ons die boosheid wat ons nog aankleef nie toe nie**. Net so min as wat ons self ons sondeskuld kan laat verdwyn, so min kan ons die aangebore ongeregtigheid wegneem. Ons belydenis eggo Dawid se woorde wanneer hy uitroep:

My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie.
(Psalm 32:5 AFR53)

'n Mens maak jou sonde aan die Here bekend nie net deur te vra: Vergewe my sonde. Amen, nie. Om jou sonde aan die Here bekend te maak, beteken dat 'n mens nadink en dit by die naam aan die Here noem. So neem 'n mens alle bedekking weg. Dit is nie aangenaam nie. Dit is seer en maak 'n mens skaam. Maar dit is die eerste treë waarop die Heilige Gees ons lei tot die vreugde van vergifnis en gemeenskap met God.

Geliefdes, ons ken almal daardie ontsaglike verligting nadat jy siek was van kommer oor mediese toetse en die uitslae word bekend dat daar niks ernstig fout is nie. Dit is nie daardie gevreesde siekte wat jy gedink het jy het nie. Jy kan jou blydschap amper nie bedwing nie en jy huil sommer van blydschap.

In ons psalm sien ons ook daardie radikale verandering. Die pyn en droefheid oor die sonde was werklik en dit het Dawid siek gemaak. Hy het gevoel hoe swaar die hand van die Here dag en nag op hom lê weens sy sonde. Maar kyk net watter verandering het daar by Dawid gekom. Onthou, hierdie psalm is 'n terugkyk op sy lewe oor wat gebeur het, daarom is dit ook 'n onderwysing vir ander gelowiges. Hy begin die psalm met *welgeluksalig of geseënd*:

Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. (Psalm 32:1-2 AFR53)

Dawid kan sy vreugde nie langer bedwing nie. God het hom vergewe en deur die Gees aan hom nuwe lewe gegee wat nie onderdruk kan word nie. Dink ook aan die verligting wat daardie vrou moes ervaar het toe sy op owerspel betrap en voor Jesus gebring is. As iemand wat in Israel grootgeword het, het sy geweet dat haar uiteinde steniging is. Diegene wat haar na Jesus toe geneem het, het dit seker ook vir haar gesê. Maar nadat

Jesus die aanklaers skerp vermaan het, het hulle die een na die ander omgedraai en weggegaan. Toe Jesus haar vra:

Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?

het sy geantwoord:

Niemand nie, Here. (Johannes 8:10 AFR53)

En hoor net wat sê Jesus, die Seun van God, vir haar:

Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

(Johannes 8:11 AFR53)

Elkeen van ons is maar eintlik soos hierdie vrou. Ons weet ons is tot die dood toe skuldig. Daar is geen versagting wat aangevoer kan word nie. Ons moet nou maar net op die vonnis wag. Ander mense sou lankal met ons moed opgegee het. Miskien het iemand al met homself moed opgegee – daar is nie meer kans op verbetering nie. Moenie moed opgee nie! Dit is juis wat Jesus ons leer in die gebed.

Luister net weer wat Dawid gedoen het toe hy deur die Gees oortuig was van sy sonde en wat hy daarmee moes maak.

My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie.

Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; –

en hoor nou net wat het gebeur –

en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. (Psalm 32:5 AFR53)

Watter gruwelike ding Dawid ook al gedoen het, God het dit afgeskryf toe hy dit bely het. Die Here het hom nie sy sonde toegereken nie. Die woorde wat ons bely **Reken ons nie toe nie** is regstaal. Wanneer God iemand se sonde vergewe, verklaar Hy hom regverdig. So 'n mens word onskuldig verklaar. Sommer net so?

Nee, nie sommer net so nie. Kyk hoe bely ons dit: **Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie.** Die enigste rede waarom God ons nie ons sondes toereken nie, is oor Jesus Christus se verlossingswerk. Daar kan nie vergewing van sondes wees as daar nie vir die sondes betaal is nie. Die Christen wat dan smeek om sondevergifnis behoort met sy hele hart te glo dat Christus werklik vir daardie skuld ten volle betaal het. Ons kan ons net op Christus en sy verlossingswerk beroep.

Wanneer 'n Christen dan om vergifnis smeek, is dit inderwaarheid 'n roep om die geregtigheid van Christus. Here, reken my sonde my toe, maar ter wille van u geliefde Seun, reken my sy geregtigheid en volmaakte gehoorsaamheid toe. Deur die geloof het U my in Christus regverdig verklaar, maar ek het nog hierdie ongeregtigheid in my. Wees my, arme sondaar, genadig.

Kom ons roep net in herinnering wat ons glo as gelowig so bid. Ons glo **dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk, sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie** (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:56).

Die sonde waarvoor ons gister vergifnis gevra het, gaan nie bepaal hoe die Here vandag teenoor ons optree nie. Hy gaan jou nie anders behandel nie. Jy bly sy kind wat deur die Heilige Gees tot volkome heiligheid gelei word.

As Dawid dan soveel vreugde beleef het op grond van die vergifnis wat hy ontvang het terwyl hy nog maar net die belofte van Christus se volmaakte offer gehad het, hoeveel groter moet ons vreugde dan nie wees nie. Christus het gekom. Hy het die prys betaal. Die Heilige Gees oortuig ons oor en oor in die Woord daarvan. Dit is hierdie vreugde van vergewe wees wat maak dat Dawid ander wil leer wat om ook met hulle sondes te doen.

Dit is op grond van Christus se verlossingswerk dat ons ons kinders bring om deur die Here gedoop te word. Ons weet die klein seuntjie is in sonde ontvang en gebore en daarom onder die toorn van God. Maar ons weet ook dat Christus as ons Middelaar elke verbondskind se lewe van geboorte tot dood met sy volmaakte gehoorsame lewe bedek. Wanneer hierdie kindjie vanoggend gedoop word, is dit die ouers se bede dat die Vader in die hemel ook aan hom die geregtigheid van Christus sal toereken. En die ouers belowe om hom groot te maak en te leer van hierdie groot genade wat Christus ook aan hom betoon het.

Maar die radikale verandering wat God se vergifnis in ons veroorsaak, is nie net 'n jubelende blydskap nie. Die blydskap is net die begin. Dawid weet hoe 'n mens van nature is, daarom kan hy in die onderrig sê:

Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.
(Psalm 32:9 AFR53)

Omdat hy self die verkeerde doen en ook weer tot die verkeerde geneig is, doen Dawid twee dinge. Hy smee eers om vergifnis en dan vra sal hy ook vra dat die Here hom sal leer hoe om te lewe as iemand wat vergewe is. En die Here wil sy kinders leer. Hy sê self:

Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees. (Psalm 32:8 AFR53)

Deel van ons gebed om vergifnis is om die Here te vra om ons te leer. Here, leer my dat ek nie weer so gruwelik teenoor U optree nie. Here, leer my om my oë oop te hou sodat ek die verleidings vroegtydig kan raaksien en van die sonde kan wegvlug.

Die radikale verandering wat die vergifnis in ons veroorsaak verwoord Jesus ook in hierdie bede:

Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
(Matteus 6:12 AFR53).

Die vergifnis wat ons ontvang en die vreugde wat dit by ons veroorsaak, lei tot 'n gesindheidsverandering by ons. Waar ons vroeër 'n wrok sou bly koester teen iemand anders wat verkeerd teenoor ons opgetree het, sien ons die bewys van God se genade in ons: **ons het die ernstige voorneme om ons naaste van harte te vergewe.** Dit mag nog maar net effentjies wees dat ons ander wil vergewe, maar die bewys is daar. En ons kan die Here vra om ons ook in hierdie voorneme te help. Deur God se genade sal ons ook vasbeslote kan raak om ander te vergewe.

Prakties gaan dit beteken dat ek nie gaan toelaat dat die ander persoon se verkeerde optrede teenoor my maak dat ek haatlik teenoor hom optree nie. Indien hy gevra het dat ek hom sal vergewe, doen ek dit en vergeet ook daarvan. Aangesien ek dan 'n kind van God is, maak ek soos my Vader in die hemel. Hy tree nie anders teenoor my op omdat ek sonde gedoen het nie. Toe ek om vergifnis gevra het, het Hy my vergewe en Hy dink nooit meer daaraan nie. Mag hierdie voetspoor van God se genade in ons al duideliker word. Dit

is deur ons vergifnis van ons naaste dat die Heilige Gees aan ons ook die sekerheid gee dat ons werklik die genade van God se vergifnis ontvang het. Dan word die geregtigheid van Christus waarom ons roep vir ons 'n werklikheid.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 32:3, 6 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.
- 6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasie-opening

Skrifberyming 1-3:1, 3

- 1 So lief het God die wêreld / dat Hy vir ons sy Seun,
sy enigste, gegee het – / ons Redder, Lig en Steun.
Wie in Hom glo, sal lewe, / sal nooit verlore gaan;
maar het die ware lewe / as God se erfgenaam.
- 3 So kom die stryd, die skeiding, / van duisternis en lig.
Wie aanhou met die slegte, / hul lewens bly ontwig.
Maar wie, uit God gebore, / die waarheid soek en doen,
kom dankbaar na die lig toe / as kind met God versoen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Maart 2015